# 319 ’n Looitjie het gegroei




Toe het daar engelskare wat van ons vrede sing,
die blye reddingsdade aan herders oorgebring.
En in ’n donker grot, vind hulle toe ’n Kindjie;
die Kindjie was ons God.

Ook skitter deur die duister ’n wonderster se prag,
en lei met helder luister drie Konings deur die nag.
Hul het die grot gevind, en offer goud en mirre,
en wierook aan die Kind.

Ons soebat u van harte, O maagdelike Loot.
Toon ons na aardse smarte die Kindjie van u skoot.
Toon in die hemelryk, ons daardie Wonderrosie,
wat ewig lieflik pryk.